VERIFIKASIE EN OUDIT VAN DIE STAD JOHANNESBURG METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT SE EIENDOMSBESIT

City of Joburg Property Company (Edms) Bpk, as 'n agent van die Stad Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit, nooi hiermee belanghebbendes uit om te tender vir die verifikasie en oudit van die Stad Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit se eiendomsbesit.

Die tenderdokumente sal op **Dinsdag, 1 Junie 2010 teen 'n nieterugbetaalbare fooi van R500,00** per dokument by die Kliëntedienseenheid van City of Joburg Property Company (Edms) Bpk, 9de Verdieping, Braamfontein Sentrum, Jorissenstraat 23, Braamfontein, Johannesburg beskikbaar wees.

Let asseblief daarop dat 'n nieverpligte inligtingsessie om **10:00** op **Dinsdag, 8 Junie 2010** by die bogenoemde kantoor van City of Joburg Property Company (Edms) Bpk in die Eiendomsontwikkelingsraadskamer op die 1ste Verdieping sal plaasvind.

Verseëlde tenders wat die beskrywing van die tender duidelik aandui moet gedurende kantoorure teen **12:00** op **Maandag, 14 Junie 2010** in die tenderbus by die Kliëntedienseenheid van City of Joburg Property Company (Edms) Bpk geplaas word.

Let asseblief op die volgende:

a) Geen laat tenders sal oorweeg word nie.
b) City of Joburg Property Company (Edms) Bpk behou die reg om geen aansoeke te aanvaar nie.
c) City of Joburg Property Company (Edms) Bpk behou die reg om enige tendervoorstel na sy goeddunke te onttrek.
d) Die uitslag sal op 'n latere datum bekendgemaak word.
e) Die 80/20- of 90/10- beginsel sal geld.

Kwalifiserende kriteria:

a) 'n Geldige belastingklaringsertifikaat/vrystellingsbewys uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. 'n Gewaarmerkte afskrif van bewys van registrasie (entiteit).
b) 'n Afskrif van die besluit om volmag aan die ondertekenaar van die tenderdokument te verleen (entiteit).
c) 'n Gewaarmerkte afskrif van die ID van die gevolmagtigde persoon wat namens die maatskappy teken.

Joburg
a world class African city

Helen Botes
Managing Director
City of Joburg Property
Company (Pty) Ltd
PO Box 31565
Braamfontein 2017

Contact Details:
Client Servicing Unit
Tel: 011 339-2700
Fax: 011 339-2727
www.jhbproperty.co.za

JOBURG
PROPERTY COMPANY